**Vrydag 2 November**

| **Skrifgedeelte: Haggai 1:1-11** | **Fokusgedeelte: Haggai 1:7-11** |
| --- | --- |

# ’n Versteurde verhouding met God het verreikende gevolge

In hierdie gedeelte van Haggai se profesie tree die Here as gespreksgenoot sterk na vore. Die tempel lê steeds in puin. Daarom roep die Here die volk op om dringend na hulle eie omstandighede te kyk. Waarom gebeur daar met hulle wat gebeur? Waarom verwag hulle groot oeste terwyl net karige oeste realiseer?

Let fyn op die direkte manier waarop die Here sy ongehoorsame volk hier op die tweede persoon (“julle”) aanspreek. Teenoor mense wat droogtes en mislukte oeste maar net aan “toevallige” weerpatrone toeskryf, stel die Here dit dat daar ’n duidelike verband is tussen wat mense *doen* en wat Hy hulle laat *ervaar*. “Dit is oor *julle* dat die hemel sy reën en die aarde sy opbrengs teruggehou het” (:10). Mense se hardnekkige ongehoorsaamheid het inderdaad die potensiaal om die wolkehemel spreekwoordelik in brons te verander!

In hierdie geval is dit wéér die ywer vir die eie huise en die gebrekkige ywer vir die *Here* se huis wat die oorsaak van die droogte en karige oeste is. Twee byna eendersklinkende Hebreeuse woorde word gebruik om die wet van vergelding duidelik te illustreer: omdat die Jode die huis van die Here *chárebh* (in puin) gelaat het, is hulle gestraf met *chôrebh* (droogte). Die oplossing van die probleem word ook gegee: Die volk moet hulle bekeer. Hulle moet eerste dinge eerste doen en die tempel herbou sodat God sy eer kan ontvang en hulle weer in die seën van sy teenwoordigheid kan deel! In Christus is die pad van be-kering, terug na die Vader toe, vir berouvolle sondaars wyd oopgemaak. Gebruik hierdie pad as jy dalk afgedwaal het … en ontdek opnuut die oorvloed van ’n lewe waarin die Here deur jou eenvoudige, kinderlike gehoorsaamheid geëer word.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*